# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2018

## GRAAD 10

**EKONOMIE**
**VRAESTEL 1**

# NASIENRIGLYNE

**15 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE GRAAD 10**
**(Vraestel 1)**

**AFDELING A: VERPLIGTEND**

**VRAAG 1:**

**1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 B✓✓ beperkte middele
1.1.2 C✓✓ Makro-ekonomie
1.1.3 A✓✓ Bruto Binnelandse Produk (BBP)
1.1.4 C✓✓ lekkasies
1.1.5 D✓✓ resessie

(5x2) (10)

**1.2 PASITEMS**

1.2.1 E✓ Ontstaan wanneer hulpbronne, in die produksie van goedere en dienste optimaal benut word
1.2.2 D✓ Bring kopers en verkopers bymekaar met die doel om handel te dryf.
1.2.3 B✓ Dit is die verskil tussen inkomste en besteding.
1.2.4 C✓ Die boonste draaipunt op die sakesiklus.
1.2.5 F✓ Alle mense het 'n basiese reg om vry van armoede, onkunde en slawerny te wees.
1.2.6 A✓ Besighede voorsien goedere en dienste aan huishoudings, die regering en die buitelandse sektor deur uitvoere via die goederemark.

(6x1) (6)

1.3 **TERMINOLOGIE**

1.3.1 Mikro-ekonomie ✓
1.3.2 Kapitaalgoedere ✓
1.3.3 Inkomstebelasting ✓
1.3.4 Leidende aanwysers ✓

(4x1) (4)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

**AFDELING B**

**Beantwoord EEN van die twee vrae**

**VRAAG 2**
**MAKRO-EKONOMIE**

**2.1 Beantwoord die volgende vrae.**

**2.1.1 Noem enige TWEE studievelde wat verband hou met Ekonomie.**

- Rekeningkunde ✓
- Besigheidstudies ✓
- Handelsreg ✓
- Finansiële wiskunde ✓ Enige (2x1) (2)

**2.1.2 Wat is die verwantskap tussen skaarsheid en geleentheidskoste?**

- Skaarsheid beteken dat verbruikers keuses moet maak en hiedie keuses het ŉ koste daaraan verbonde. Enige besluit wat ŉ keuse tussen twee opsies behels, het ŉ geleentheidskoste. ✓✓

(1x2) (2)

**2.2 Datarespons**

**2.2.1 Wat word bogenoemde grafiek genoem?**

- Sakesiklus ✓ (1)

**2.2.2 Watter punt op die grafiek sal met ŉ lae BBP geassosieer word?**

- D ✓ (1)

**2.2.3 Gee ŉ kort beskrywing van *ekonomiese groei*.**

- Dit is die verhoging in die waarde van goedere en dienste wat oor ŉ periode van tyd plaasvind, gemeet in terme van die reële bruto binnelandse produk ✓✓ (2)

**2.2.4 Verduidelik kortliks wat die invloed van sakesiklusse op ekonomiese groei is.**

- Gedurende afswaaifases het die ekonomie ŉ negatiewe groei, en gedurende opswaaifases is daar ŉ positiewe groei in die ekonomie. ✓✓ (2)

**2.2.5 Hoe kan die regering werkloosheid in die ekonomie verminder?**

- Die regering kan in werkskeppingsinisiatiewe investeer bv. Uitgebreide Openbare Werke Programme ✓✓
- Die regering kan in onderwys en opleiding investeer en daardeur die gebrek aan vaardighede in die land aanspreek ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (2x2) (4)

**2.3 Data Respons**

**2.3.1 Hoeveel netto wins na belasting maak die besigheid in die bostaande leesstuk?**

- R500 000 ✓ (1)

**2.3.2 Identifiseer ʼn stelling uit die leesstuk wat daarop dui dat die besigheid doeltreffend funksioneer.**

- ‘Gedurende die afgelope jaar het hulle besigheid goed gevaar’ ✓ (1)

**2.3.3 Wat beteken dit “*om hulle besigheid te diversifiseer”*?**

- Om ʼn besigheid te diversifiseer is om die reeks produkte wat die onderneming reeds aanbied, uit te brei. ✓✓ (2)

**2.3.4 Demonstreer hoe hierdie uittreksel die probleem van skaarsheid van hulpbronne illustreer**.

- Hulle kan nie besluit of hulle die wins moet gebruik om nog ʼn toerbus vir hulle maatskappy te koop en of hulle die geld as ʼn deposito op ʼn gastehuis moet gebruik nie. ✓✓ Dit beteken dat hulle hulpbronne nie genoeg is om albei te kan koop nie. ✓✓ (2)

**2.3.5 Gee ʼn kort verduideliking wat die verband tussen produksie, verbruik en ruil is.**

- Produksie is die proses om rou materiaal in voltooide produkte te omskep. ✓✓
- Verbruik is wanneer huishoudings produkte gebruik wat deur besighede vervaardig is.
- Vir goedere en dienste om gebruik te word moet daar ʼn ruiling wees tussen die produseerder en die verbruiker. ✓✓ (4)

**2.4 Onderskei tussen vry goedere en ekonomiese goedere.**

| Vry goedere | Ekonomiese goedere |
|---|---|
| • Dit is vrylik beskikbaar aan verbruikers / behaal nie ʼn prys nie ✓✓<br>• Dit is onbeperkte hoeveelhede beskikbaar ✓✓ | • Dit behaal ʼn prys ✓✓<br>• Dit is skaars ✓✓ |

(Aanvaar enige ander relevante antwoord)

(2x4) (8)

**2.5 Demonstreer hoe die Suid-Afrikaanse regering basiese dienslewering aan die ekonomies benadeelde mense bied om daardeur hulle lewenstandaard te verbeter.**

- Alle mense het die reg op voedsel as ʼn basiese behoefte. Daarom is daar voedingskemas in openbare skole.✓✓
- Alle mense moet ʼn blyplek hê daarom is daar behuisingsubsidies en HOP-huise vir lae-inkomste verdieners. ✓✓
- Alle mense het die reg op gesondheid daarom is daar toegang tot gratis gesondheidsdienste vir diegene wat dit nie kan bekostig nie. ✓✓
- Alle kinders het die reg op onderwys en onderrig. Gratis onderrigstelsels is by openbare skole in die land ingestel. ✓✓
- Alle mense het die reg op skoon lopende water en sanitasie daarom is bekostigbare tariewe op die voorsiening van water en sanitasie aangebied. ✓✓
- Alle mense het die reg op waardigheid en ʼn beter toekoms. ✓✓
- Alle mense het ʼn basiese reg om vry van armoede, onkunde en slawerny te wees. Dus is die grondwet vir menseregte ingestel. ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante antwoord)

Enige (4x2) (8)

**[40]**

**VRAAG 3** **40 PUNTE – 30 MINUTE**
**MAKRO-EKONOMIE**

**3.1 Beantwoord die volgende vrae.**

**3.1.1 Noem enige TWEE markte in die ekonomiese kringloop.**

- Faktormark / Hulpbronmrk / Insettemark ✓
- Produktemark / Goederemark / Uitsettemark ✓
- Geldmark ✓
- Kapitaalmark ✓
- Finansiële markte ✓
- Buitelandse markte ✓ Enige (2x1) (2)

**3.1.2 Wat is die doel van die tendenslyn in die sakesiklus?**

- Dit dui die algemene rigting van die land se ekonomiese groei oor 'n lang tydperk aan. ✓✓ (2)

(Aanvaar enige ander relevante antwoord)

**3.2 Datarespons**

**3.2.1 Watter produksiefaktor word in die spotprent uitgebeeld?**

- Natuurlike hulpbronne / land ✓ (1)

**3.2.2 Watter ekonomiese sektor word deur die scenario geraak?**

- Primêre sektor / Vissery ✓ (1)

**3.2.3 Gee 'n kort beskrywing van die term *relatiewe skaarsheid*.**

- Wanneer goedere en dienste beskikbaar is maar 'n mens het nie die nodige hulpbronne om dit te verkry nie. / ✓✓
- Bestaan wanneer die vraag groter as die aanbod is. ✓✓ Enige (1x2) (2)

**3.2.4 Wat kan die regering doen om die waterkrisis op te los?**

- Bou meer damme om meer water op te vang ✓✓
- Sink meer boorgate om ondergrondese water te benut ✓✓
- Moedig Suid-Afrikaners aan om water te bespaar✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) Enige (1x2) (2)

**3.2.5 Wat is die invloed van die bogenoemde situasie op die ekonomie?**

- 'n Tekort aan visvoorrade sal ontstaan✓✓
- Werkloosheid sal toeneem ✓✓
- Armoede sal toeneem ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) Enige (2x2) (4)

**3.3 Datarespons**

**3.3.1 Watter metode is in die bostaande tabel gebruik om die BBP te bereken?**

- Bestedingsmetode ✓ (1)

**3.3.2 Identifiseer die instansie wat verantwoordelik is vir die publikasie van bogenoemde data**.

- Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) ✓ (1)

**3.3.3 Gee ’n kort beskrywing van die term *faktorinkomste*.**

- Die totale inkomste wat verdien is deur die verkoop van die produksiefaktore bv. salarisse en lone verdien vir arbeid ✓✓ (2)

**3.3.4 Noem die ander TWEE metodes wat gebruik word om die BBP te bereken.**

- Produksiemetode ✓
- Inkomemetode ✓ (2)

**3.3.5 Bereken die waarde by A in bogenoemde tabel. Wys alle berekeninge.**

| | |
|---|---|
| BBP teen markprys | R2 425 biljoen ✓ |
| Plus Faktorinkomste deur Suid-Afrikaners oorsee verdien | R34 biljoen ✓ |
| Min Faktorinkomste in Suid-Afrika deur buitelanders verdien | R87 biljoen ✓ |
| Bruto Nasionale Inkomste | R2 372 biljoen ✓ |

(4)

**3.4 Onderskei tussen *lekkasies* en *inspuitings* in die ekonomie.**

| Lekkasies | Inspuitings |
|---|---|
| Wanneer daar ʼn lekkasie van geld uit die ekonomiese kringloop is beteken dit dat geld nie beskikbaar is om op die uitset wat deur produsente geproduseer is spandeer te word nie ✓✓ | Wanneer daar ʼn inspuiting van geld in die ekonomiese kringloop is, is meer geld beskikbaar om op die uitsette wat deur die produsente geproduseer is te spandeer ✓✓ |
| Lekkasies is die bedrag geld wat uit die kringloop vloei ✓✓ | Inspuitings is die bedrag geld wat in die kringloop van buite af inkom ✓✓ |
| Lekkasies (L) = S + T + M ✓✓ | Inspuitings (J) = I + G + X ✓✓ |
| (Aanvaar enige ander relevante antwoord) | |

Enige (2x4) (8)

**3.5 Hoe dra huishoudings by tot ekonomiese groei in die ekonomie?**

Huishoudings **…**

- is die besitters van die produksiefaktore. Hulle voorsien hierdie produksiefaktore aan produsente sodat hulle goedere en dienste kan produseer. ✓✓
- betaal inkomstebelasting aan die regering wat dit gebruik om openbare goedere en dienste te verskaf. ✓✓
- koop goedere en dienste van besighede en voorsien dus ʼn inkomste aan die besighede. ✓✓
- spaar ʼn gedeelte van hulle inkomste by finansiële instellings soos banke en banke investeer hierdie geld weer in die ekonomie. ✓✓
- ontvang openbare goedere en dienste van die regering af. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.
Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding:**<br><br>Die inleiding is ŉ lae-orde antwoord.<br>• ŉ Goeie beginpunt is om die hoofkonsep wat met die vraag verband hou, te bepaal en te omskryf.<br>• Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige deel van die inleiding in jou hoofdeel insluit nie.<br>• Vermy om in die inleiding te noem wat jy in die hoofdeel gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Inhoud:**<br><br>• **Hoofdeel:** Bespreek volledig / In-diepte bespreking / Assesseer / Kritiese bespreking / Analiseer / Ontleed / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Differensieer / Verduidelik / Ondersoek | Maks. 26 |
| • **<u>Ekstra deel</u>:** Gee jou eie mening **/** Gee ŉ kritiese bespreking / Evalueer / Evalueer Krities / Teken ŉ grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Vergelyk / Verduidelik / Lei af / Onderskei / Interpreteer/ Debatteer kortliks / Hoe / Gee ŉ voorstel. | Maks. 10 |
| **Slot:**<br><br>Enige hoë-orde gevolgtrekking kan die volgende insluit:<br>• ŉ Kort opsomming van wat bespreek is sonder om feite wat alreeds genoem is te herhaal.<br>• Enige mening of waarde-oordeel van die feite wat bespreek is.<br>• Enige addisionele ondersteunende feite wat die bespreking /analise kan versterk.<br>• ŉ Opponerende/teenstrydige sienswyse met ŉ motivering, indien verlang.<br>• Aanbevelings. | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 4**
**MAKRO-EKONOMIE**

- Gee ŉ volledige bespreking van die vier hoofdeelnemers in die Ekonomiese kringloopmodel van ŉ oop ekonomie. (26)
- Beskryf die verhouding tussen Besparings / Spare en Investering. (10)

**[40]**

**INLEIDING:**

- Die vier hoofdeelnemers in die ekonomiese kringloop is huishoudings, sakeondernemings, die regering en die buitelandse sektor. Hierdie deelnemers vorm saam ŉ model van hoe die ekonomie werk. ✓✓
- Die besluite wat hulle neem en die interaksie met mekaar. ✓✓
- Die invloed wat dit op individue in die gemeenskap het en die invloed op die vlak van ekonomiese aktiwiteite. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (Maks 2)

**Inhoud**
**HOOFDEEL**

**Huishoudings** ✓

- Is al die mense wat saamleef en gesamentlike ekonomiese besluite neem. ✓✓
- ŉ Familie is ŉ huishouding wat ŉ inkomste deel. ✓✓
- Hulle besit die produksiefaktore nl. natuurlike hulpbronne (grond), arbeid, kapitaal en entrepreneursvaardighede. ✓✓
- Hulle besit sake-ondernemings deur die aantal aandele wat hulle in die besigheid het. ✓✓
- Hulle verdien ook ŉ inkomste uit die produksiefaktore wat hulle verkoop.✓✓
- Bv. huur word betaal vir grond, arbeid verdien lone en salarisse, rente word op kapitaal betaal en wins is die vergoeding vir die entrepreneur se aktiwiteite. ✓✓
- Hulle gebruik hierdie inkomste om goedere en dienste vanaf produsente te koop. ✓✓
- Die hoofdoel van verbruikers is om hulle behoeftebevrediging te maksimeer. ✓✓
- Deur die besteding van hulle inkomste bepaal hulle wat geproduseer moet word, vir wie geproduseer moet word en hoe dit geproduseer moet word. ✓✓
- Wat huishoudings wil hê en wat hulle kan bekostig (hulle vraag) bepaal wat besighede moet produseer (hulle aanbod). ✓✓
- Huishoudings spaar ŉ gedeelte van hulle inkomste vir verskeie redes vir die toekoms.✓✓

**Sakeondernemings** ✓

- Hulle gebruik die produksiefaktore om goedere en dienste te produseer. ✓✓
- Produksie in SA word meestal deur privaat besighede gedoen. ✓✓
- Sakeondernemings is die belangrikste besluitnemers in die ekonomie. Kapitaalgoedere word ook deur hulle geproduseer. ✓✓
- Kapitaalgoedere word in die produksie van verbruikersgoedere gebruik. ✓✓
- Die skep van kapitaalgoedere word Investering (I) genoem. ✓✓
- Sakeondernemings is verantwoordelik vir doeltreffende produksie. ✓✓
- Sakeondernemings betaal huur vir grond, lone en salarisse vir arbeid, rente op kapitaal en wins vir die entrepreneur as inkomste aan huishoudings vir die produksiefaktore. ✓✓
- Hulle dra die produksiekoste. ✓✓

**Openbare sektor / Regering** ✓

- Bestaan uit die plaaslike-, provinsiale- en nasionale regering. ✓✓
- Die regering koop produksiefaktore deur die faktormark van die huishoudings aan. ✓✓
- Die regering koop goedere en dienste deur die produktemark van ondernemings aan. ✓✓
- Hulle voorsien goedere en dienste aan huishoudings en besighede wat nie deur sakeondernemings geproduseer kan word nie. ✓✓
- Hierdie openbare goedere en dienste sluit veiligheid, verdediging, regsdienste, paaie en ander infrastruktuur in. ✓✓
- Hulle ontvang belasting van huishoudings en besighede en ontvang ŉ inkomste van staatsbeheerde ondernemings. ✓✓
- Die regering gebruik hierdie belastinginkomste om maatskaplike dienste te verskaf. ✓
- Voorbeelde van belasting op goedere en dienste wat deur verbruikers betaal word is Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW), sondebelasting en brandstofheffings. ✓

**Buitelandse sektor** ✓

- Dit behels handel met die res van die wêreld, uitvoere, invoere en internasionale handel. ✓✓
- Die wêreld het ŉ *globale stad* geword. ✓✓
- Veranderinge in een deel van die *stad* beïnvloed baie ander dele van die *stad*. ✓✓
- Veranderinge in reële - en finansiële vloeie, tegnologie en inligting ontstaan tussen lande. ✓✓
- Globalisasie beteken dat daar ŉ groter integrasie tussen lande is. ✓✓
- Uitvoer-verdienste is ŉ inspuiting in die ekonomie omdat geld van ander lande ontvang word. ✓✓
- Invoer-betalings is lekkasies omdat geld die land verlaat. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) **(Maks 26)**

**ADDISIONELE DEEL**

- Spare is die deel van ŉ deelnemer se inkomste wat hy verkies om nie te spandeer nie. Dit word by ŉ finansiële instelling gedeponeer. ✓✓
- Dit is ŉ lekkasie van geld uit die sikliese vloei na finansiële instansies en dit verminder die bestedingsvloei in die siklus. ✓✓
- Spare verminder die bedrag geld wat mense het om te spandeer. ✓✓
- Spare is die bousteen vir investering. ✓✓
- Investering is die skepping van kapitaalgoedere. ✓✓
- Besighede leen die geld wat van spare afkom by die finansiële instellings. ✓✓
- Besighede gebruik die geld om kapitaalgoedere bv. masjienerie te koop. ✓✓
- Sonder spare kan daar nie investering wees nie, wat dan beteken dat daar minder goedere en dienste geproduseer word. ✓✓
- Investerings balanseer die lekkasies wat deur spare veroorsaak word uit. ✓✓
- Investerings het ŉ groot invloed op die ekonomie. ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante antwoord) (Maks10)

**GEVOLGTREKKING**

- Die ekonomiese deelnemers is afhanklik van mekaar. ŉ Ekonomie kan nie funksioneer as een deelnemer nie sy rol volledig speel nie. ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante antwoord) (Maks 2)

**[40]**

**VRAAG 5** **40 PUNTE – 40 MINUTE**
**MAKRO-EKONOMIE**

- Gee ŉ volledige uiteensetting van die fases van die sakesiklus. (26)
- Evalueer krities die invloed op die sakesiklus. (10)

**[40]**

**INLEIDING**

- ŉ Sakesiklus is afwisselende periodes van uitbreiding en inkrimping van ekonomiese aktiwiteite. Afwisselings is nie noodwendig reëlmatig nie. ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante antwoord) **(2)**

**Inhoud.**
**HOOFDEEL**

**Voorspoedfase** ✓

- Entrepreneurs is optimisties en leen geld om kapitaalgoedere, masjinerie en toerusting aan te skaf. ✓✓
- Meer mense word in diens geneem en produksie styg. ✓✓
- Pryse, lone rentekoerse en winste styg. ✓✓
- Dan begin die opbloeifase. Alles neig na die oortreffende trap. ✓✓
- Rentekoerse, salarisse en lone styg tot selfs hoër vlakke en, tesame met ŉ baie groter vraag na grondstowwe, styg besighede se kostes bykans buite beheer. ✓✓
- Inflasie versnel totdat dit vorige hoë vlakke verbysteek**.** ✓✓
- Sommige besighede besef dat die voorspoedfase nie vir altyd kan aanhou nie. Daar is nog geen duidelike ontwrigtings nie. ✓✓

**RESESSIEFASE** ✓

- Besighede begin om vir slegter tye voorsiening te maak. Hulle produseer minder en probeer om die grootste deel van hulle skuld af te betaal. ✓✓
- Werkers word selektief ontslaan. ✓✓
- Verbruiksbesteding neem af en besighede se winste begin daal. ✓✓
- Inflasie is hoog en die sentrale bank verminder krediet in die ekonomie. ✓✓
- Rentekoerse verhoog en ŉ streng monêtere beleid word toegepas. ✓✓
- Huishoudings vind dit moeilik om krediet te bekostig en verbandpaaiemente te betaal, en banke dring daarop aan dat besighede hul uitstaande lenings, wat tydens die *boomtydperk* verkry is, terugbetaal. ✓✓
- Besteding aan duursame verbruikersgoedere en kapitaaltoerusting neem drasties af en werkloosheid styg. ✓✓
- Sommige besighede begin verliese toon en dagvaardigings vir krediet neem toe. ✓✓

**Depressiefase** ✓

- Algemene pessimisme word verwag onder huishoudings en besighede. ✓✓
- Alle sektore se besteding daal drasties en bestaan grootliks uit besteding aan verbruikersgoedere. ✓✓
- Besighede se winste is swak, baie toon verliese en gaan bankrot. ✓✓
- Meubels, motors en huise word teruggeneem omdat mense nie hulle skuld kan betaal nie. ✓✓
- Mense verloor hulle werk en huishoudelike inkomste is baie laag. ✓✓
- Mense probeer om werk in die informele sektor te kry. ✓✓
- Huishoudings probeer om in hulle basiese behoeftes (kos, huisvesting en klere) te voorsien. ✓✓
- Vraag neem af, inflasie neem af en rentekoerse daal. ✓✓
- Besighede besef toestande gaan verbeter en neem stappe wat tot herstel kan lei.✓✓

**Herstelfase** ✓

- Besighede verwag dat toestande gaan verbeter en begin masjienerie opknap en verbeter toerusting. ✓✓
- Hulle verhoog produksie stadig om voorraad te kry vir ’n moontlike styging in vraag. ✓✓
- Hulle maak beter gebruik van arbeid en neem selfs nuwe werkers in diens.✓✓
- Omdat besighede meer goedere en dienste koop en meer mense in diens neem, is daar ’n styging in inkomste en besteding in die ekonomie. ✓✓
- Omdat rentekoerse laag is, is huishoudings se verbandpaaiemente en ander paaiemente ook laag, en hulle het dus meer geld om te bestee. ✓✓
- Lenings is meer beskikbaar, maar huishoudings en besighede is steeds nie baie gretig om geld te leen nie. ✓✓
- Sodra verkope styg, styg besighede se winste ook.
  Entrepreneurs word meer optimisties. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante antwoord) **(Maks 26)**

**ADDISIONELE DEEL**

**Veranderinge in totale vraag en totale aanbod** ✓

- In 'n opswaaifase is daar 'n toename in die totale besteding (totale vraag). Plaaslike ondernemings reageer deur hulle produksie van uitset (totale aanbod) te verhoog. ✓✓
- In 'n afswaaifase is daar 'n daling in totale besteding (totale vraag). Plaaslike ondernemings reageer deur hulle produksie van uitset (totale aanbod) te verlaag. ✓✓

**Verandering in ekonomiese groei** ✓

- Gedurende 'n opswaaifase produseer die ekonomie meer en sal daar 'n positiewe groei in die ekonomie wees. Gedurende 'n afswaaifase produseer die ekonomie minder en sal daar 'n negatiewe groei in die ekonomie wees.✓✓

**Verandering in indiensnemingsvlakke** ✓

- Gedurende die opswaaifase word daar baie mense in diens geneem en gedurende die afswaaifase is baie mense werkloos. ✓✓

**Veranderinge in prysvlakke** ✓

- Inflasie kom gewoonlik gedurende die laat stadium van die opswaaifase voor. Meeste besighede verhoog hulle pryse omdat besighede bykans volle indiensname het, terwyl pryse laag is gedurende die herstelfase. ✓✓

**Verandering in wisselkoerse**

- In 'n opswaaifase is daar 'n toename in invoere en 'n afname in uitvoere omdat plaaslike goedere nou duurder is in vergelyking met ingevoerde goedere. ✓✓

**Invloed op die ekonomies kwesbares**

- Gedurende die opswaaifase is pryse gewoonlik hoog en is dit vir dié mense moeilik om in hulle basiese behoeftes soos kos, klere en skuiling te voorsien**.** ✓✓

**(Maks 10)**

**GEVOLGTREKKING**

- Owerhede moet altyd die ekonomiese groeipatrone monitor sodat die opswaaifases langer kan duur en die afswaaifases korter kan wees. ✓✓

(Aanvaar enige relevante antwoord) **(Maks 2)**

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 100**